

Deel III

Die taak van die kerk in die lig van die menslike behoeftes

Inleiding tot deel drie

Hierdie is die kortste deel van hierdie studie omdat die taak om 'n volledige teorie van die praktyk daar te stel op die skouers van die Praktiese Teologie rus. Daar is egter sistematies-teologiese voorveronderstellinge in die Praktiese Teologie. Die inhoud van die boodskap wat gekommunikeer moet word en die gemeenskap wat tot stand gebring moet word bly nog binne die skopus van die sistematiese teologie.

Daar is meermale in die gesprek oor die kerklike bediening sprake van *relevante* bediening of van *holistiese* bediening. In hierdie deel gaan ek poog om die betekenis van hierdie begrippe in die lig van die voorafgaande gevolgtrekking te formuleer. Ek gaan betoog dat daar 'n verskil is tussen 'n holistiese en 'n komprehensiewe benadering tot die Christelike bediening en dat daar 'n onderskeid is tussen retoriese relevansie en antropologiese relevansie. Ek gaan die bespreking met enkele gevallestudies toelig.

Hoofstuk 10

Benaderings tot die kerklike bediening

Samevatting. Die relevansie van die kerk se bediening beteken dat die kerk hom rig op die ware behoeftes van iemand maar op so 'n manier dat dit aansluiting vind by daardie persoon se begeerte. Daar bestaan dus 'n onderskeid tussen fundamentele en retoriese relevansie. Slegs waar daar aan albei voldoen word, is die kerk relevant. Die kerklike bediening is gerig op die mens in geheel. Holisme verskil van komprehensiwiteit daarin dat holisme ook gerig is op dit wat die geheel integreer. Die bediening van die evangelie is gerig op die vernuwning van 'n persoon se identiteit en só op haar hele lewe en al haar behoeftes.

In vele aspekte van die kerklike bediening is daar oproepe vir, en aansprake van, 'n meer behoefte-gedrewe, relevante of holistiese benadering. Dat die kerk die mense wat hy bedien of moet bereik se behoeftes moet aanspreek, word by vele as vanselfsprekend aanvaar. Vanuit die sistematiese teologie ontstaan die vraag na wat die presiese inhoud van so 'n behoefte-gedrewe bediening presies is. Die onderskeid tussen *behoefte*, *begeerte* en *vraag* asook dié tussen *behoefte*, *vervuller* en *fasiliteerder* wat in die voorafgaande twee dele as belangrike onderskeidings aangetoon is, sal weer hier ter sprake moet kom. As die taak van die sistematiese teologie is om die kerk te toets aan sy eie basis¹, sal die sistematies-teologiese bevindinge wat in hoofstuk 9 gemaak

¹Soos Barth se definisie inderdaad lui. My eie formulering beklemtoon die samehan-

is, hier gebruik moet word om die aanspraak op, en oproep tot, behoeftegeoriënteerde bediening mee te toets. Daardie bevinding kom neer op die volgende:

- Die mens het God nodig as grond en as doel van sy bestaan
- Die mens aktualiseer sy behoeftes in 'n verhouding van gee en ontvang saam met sy medemens
- Die bevrediging van behoeftes het 'n stofflike basis

Waar die kerk daarop aanspraak maak om op mense se behoeftes gerig te wees funksioneer die bevindinge van hoofstuk 9 as kriteria waardeur die praktyk van die kerk aan sy eie basis getoets kan word.

Twee van die terme wat populêr is om die ideaal vir die kerk se bediening te beskryf is *relevant* en *holisties*². Ek ondersoek vervolgens wat hierdie terme in die lig van die resultate soos gegee in hoofstuk 9 moontlik kan beteken.

10.1 Die betekenis van die term *relevant*.

Die basiese probleem wat rondom die gebruik van hierdie term ontstaan, is die probleem van die subjek. In terme waarvan moet die kerk se bediening relevant wees? As met *relevant* bedoel word dat die kerk se bediening moet wees soos 'n sekere persoon dit sou verkies verdwyn die profetiese stem van die kerk totaal. Bekering is vir die sondaar irrelevant. Dit wat die kerk glo iemand nodig het en wat daardie persoon self voel is relevant vir haar lewe is meermale nie dieselfde nie. Daarmee is die probleem van die begrip relevansie aangedui.

Die onderskeid wat deur die loop van hierdie studie tussen behoeftes en begeerte gemaak is kan hier weer met vrug gemaak word. Die leser sal onthou dat die onderskeid nie 'n teëstelling tussen behoefte en begeerte is nie. Begeerte is die subjektiewe en gefokuste vorm van behoefte. 'n Behoefte word kenbaar in 'n begeerte of, by aanhoudende deprivasie, in een of ander patologie. Die behoefte gaan egter nie in die begeerte op nie, en begeerte

gende artikulering en leiding oor die praktyk as twee momente. By Barth is dit een taak. In hierdie geval gaan dit oor die samehang van geloof en praktyk. Sien bespreking oor die taak van die sistematiese teologie vanaf bladsy 3 tot 15.

²Soos onlangs deur Greyvenstein (2004).

mag self misplaas wees, d.w.s. gerig op iets wat nie die behoefte bevredig nie. Die belyning tussen behoefte en begeerte mag van 'n sekere gehalte wees, maar begeerte bly die subjektiewe kant van behoefte: dus is die relevansie van die kerk se bediening aan iemand in die eerste plek 'n saak van begeerte. *Relevant* hou dus in die eerste plek verband met iets wat iemand sal begeer. Dit is 'n effens onverwagte konklusie, maar as behoefte net in die begeerte kenbaar is, is geen ander een moontlik nie.

Daar is egter baie dinge wat mense begeer. Daar is natuurlik 'n *vraag* vir godsdienstige goedere en dienste. Die godsdienstemark is na alle aanduidings ook nie klein nie. In die lig van die resultate van hoofstuk 6 is die kerk se rol sekerlik nie om op mense se begeertes te reageer op die manier waarop 'n vervaardiger van goedere dit doen nie. Die kerk glo mense het God nodig, dat die kerk self die draer is van die waarheid oor God is, en dat daardie waarheid en lewe in Jesus van Nasaret geopenbaar is en in 'n gesaghebbende vorm oorgedra word³ en daarom dat geen mens die reg het om hom van die ware kerk af te skei nie. Die kerk gee dus voor dat sy weet wat mense werklik nodig het, naamlik God. Die hoorders van die evangelie beleef hulle gewaarwording van wat hulle nodig het as begeerte, motivering en pyn. Daardie begeerte is natuurlik die voorwerp van redelik drastiese veranderinge deur die loop van 'n mens se lewe.

In die situasie waarin die kerk se boodskap oor God nie die gewenste invloed op mense uitoefen nie - wat bykans altyd is - kom die oproep aan dié aan die stuur van die kerklike bediening dat die boodskap van die kerk relevant vir sy hoorders moet wees. Die oproep kom uit twee oorde: Dié wat die kerk om 'n ander rede wil gebruik⁴ en dié wat aan die saak waarvoor die kerk staan, naamlik die koninkryk van God, glo. Die eerste groep gaan ons nie hier aan nie. Al wat nodig is om te sê is dat só 'n beskouing van relevansie spruit uit 'n ander behoefte-beskouing waar die mens se grootste en diepste behoeftes kennelik nie is om met God in verhouding te staan nie - ten minste nie God soos in die Christelike geloof bely nie. Die tweede gaan ons wel aan. Daardie groep glo dat die kerk die gemeenskap is, en die boodskap dra wat mense werklik nodig het. Die kerk is eintlik meer as net die boodskapper,

³Sien die bespreking by 6.2.3 op bladsy 204.

⁴Die onlangse gesprek in die Afrikaanse pers, spesifiek die bydrae van die redakteur van *Die vrye Afrikaan* toon dat daar verskillende waarderinge vir die rol van die kerk is. Die een gaan oor die kerk as middel tot 'n ander doel (bv. die saambind van die Afrikanergemeenskap. So die redakteur) en die ander (bv. die brief van J C Pauw) oor die kerk as doel op sigself as liggaam van Christus wat werklik kosmiese betekenis het.

as liggaam van Christus en woonplek van die Gees is die kerk die begin van die vernuwing van die wêreld. Die probleem van relevansie is die probleem van die mispassing tussen wat die kerk glo mense nodig het, en wat hulle self as hulle eie begeerte ken. Die kerk is nie bereid om die inhoud van haar boodskap te verander nie - *Jesus Christus is gister en vandag dieselfde tot in ewigheid*. Wat wel kan verander is die kerk se vormgewing aan die inhoud van die boodskap. Die probleem van relevansie is dus die probleem van die hermeneutiek.

Mense luister egter net waar hulle meen iets gaan hulle aan. Ek is van mening - en daar bestaan stawende getuienis⁵ - dat 'n mens nie iets kan waarneem wat jou op geen manier aangaan nie. Om daardie rede het ek aangedui dat relevansie in die eerste plek oor begeerte gaan. Dit is omdat begeerte die subjektiewe verskyning van behoefte is. Begeerte is die toegangspoort tot behoefte. Die ander toegangspoort is pyn.

Relevansie gaan oor die passing van begeerte op behoefte. Om die evangelie relevant aan te bied beteken om dit wat iemand werklik nodig het op so 'n wyse beskikbaar te stel dat daardie persoon dit sal begeer. Tussen begeerte en behoefte staan natuurlik die konkrete vervuller en die konkrete fasiliteerders. Daar is reeds in hierdie studie daarop gewys dat vervulling van enige behoefte afhang van die persoon se vermoë en die effektiwiteit van die fasiliteerder⁶. Die kerk se bediening is 'n konkrete vervuller⁷. Die middele wat die kerk gebruik is fasiliteerders vir die inhoud daarvan, wat die vervuller self is⁸. Die persoon se eie vermoë tot begrip, geloof⁹ en deelname is medebepalend vir die effektiwiteit van die vervuller.

Met die voorafgaande in gedagte kan gesê word dat die kerk op twee

⁵Verelyk byvoorbeeld McClelland se eksperimentele studies oor homoseksualiteit en die vermoë om sekere stimuli waar te neem. (McClelland 1987:63)

⁶Sien die bespreking van vaardigheid as voorvereiste vir behoefte-bevrediging by 8.2.2 op bladsy 299.

⁷Sien die definisies vir hierdie terme op bladsy 292.

⁸In Max-Neef se terme is 'n tradisie, geloof of ideologie 'n vervuller as wyse van *het*. 'n Mens kan geloof, hoop en liefde almal as wyses van *wees* of *doen* of *beskou*. Die kerk as gemeenskap is 'n vervuller wat mens *het*.

⁹Die bekende Nederlandse psigiater Henricus Rümke het 1939 'n publikasie onder die titel *Karakter en aanleg in verband met ongeloof* die lig laat sien waarin ongeloof as 'n psigiese defek behandel is. Hy beskryf 'n vorme van religiositeit op 'n skaal wat wissel van die mees basiese belewenis van die sinvolheid van die wêreld tot oorgawe aan die persoonlike oergrond van alle dinge. Elke vlak vereis groter vermoë tot integrasie. Sien die bespreking by (van den Berg 1970:179)

maniere irrelevant kan wees: Deur mispassing van die konkrete vervuller op die behoefte en deur mispassing van die konkrete vervuller op die begeertes van die gehoor. Laasgenoemde beteken dat hetsy die kerk swak fasiliteerders gebruik, of die ontvanger van die boodskap 'n lae vermoë tot die benutting van die konkrete vervuller het. Ek noem die eerste geval fundamentele irrelevantie en die tweede retoriese irrelevantie.

Fundamentele irrelevantie is as die kerk se boodskap nie waar is nie. As die kerk se boodskap onwaar is, is enige bevrediging van menslike behoeftes wat deur die kerk as gemeenskap bemiddel word bloot toevallig en van geen besondere gehalte nie. Dan geld dit dat elkeen sy geloof of ongeloof na sy sin kan kies en maar moet sien tot watter mate dit bevrediging bied.

Fundamentele irrelevantie geld ook waar die evangelie waar is, maar nie deur die kerk verkondig word nie. Indien God Jesus uit die dood opgewek het - soos Christene glo wel die geval is - dan het dit sekere implikasies vir alle mense. As die kerk nie konsekwent met daardie feit optree nie, is die kerk fundamenteel irrelevant omdat dit nie belyn is met dit wat mense ten diepste nodig het nie¹⁰. Waar die kerk ontrou is aan haar identiteit en vasgevang word in 'n newesaak, self 'n positiewe saak soos 'n sekere kultuur of volk of samelewingsvorm of ideaal, raak dit in terme van sy eie basis fundamenteel irrelevant. Die kultuur-Christendom is 'n goeie voorbeeld van die spanning tussen fundamentele relevantie en retoriese relevantie. Juis die populêre aandrang van die kultuur verlei of dwing die kerk om relevant (in die retoriese sin) te wees deur sigself só te belyn met die ideale van die sameleving of groep dat die kerk inkonsekwent met haar eie basis optree

Ek stel die volgende matriks voor om die verband tussen behoefte en begeerte te gebruik om die betekenis van relevantie mee te verduidelik.

¹⁰Barth se definisie van die taak van die dogmatiek, waarna by herhaling verwys is en wat op bladsy 3 bespreek is, is weereens hier ter sprake. By hom moet die teologie die kerk toets aan sy eie basis. Konsekwentheid met wat die kerk self sê sy basis is, is hier ter sprake. Die basis mag reg wees, maar die kerk se optrede inkonsekwent met daardie basis. Die gevolg is fundamentele irrelevantie.

	Relevant	Irrelevant
Begeerte	Stem ooreen met hoorder vermoë. Stem ooreen en een of meer motiverende kategorie van hoorder	Swak belyn met hoorder se vermoë. Swak belyn met hoorder se motiveerders
Behoeftes	Stem ooreen met fundamentele menslike behoeftes	Swak passing op fundamentele menslike behoeftes

Daar is altyd 'n verhouding tussen die begeerte-kant van hierdie matriks en die behoefte-kant maar die kriteria aan elke kant van die matriks verskil.

Die kriteria vir die begeerte-kant hou verband met die persoon se vermoë en huidige motiveerders. In terme van die *kerugma*: 'n persoon moet *kan* verstaan en *wil* hoor. Waar daar geen ooreenstemming met enige huidige motiveerder by 'n persoon is nie, is geen aandag moontlik nie. Die ondersoek na die konkrete kommunikasie-wyses wat mense gebruik en die dinge wat hulle motiveer is die taak van die Praktiese Teologie.

Aan die behoefte-kant van die matriks is die vraag na die waarheid aan die orde. Die vraag is hier na die ooreenstemming met dit wat die kerk verkondig en as gemeenskap is, en dit wat mense in die finale instansie nodig het. Die vraag is dus of dit wat die kerk sê 'n mens se behoefte is inderdaad so is. Hierdie studie is 'n poging om die buitelyne van die formulering van 'n Christelike behoefteleer daar te stel deur 'n metode waar die konsekwensies van dit wat Christene vir waar hou deurgevoer word en waar populêre teorieë se kompeterende aansprake getoets word. Hierdie vraag bly die taak van die sistematiese teologie.

Dit volg hieruit dat onder 'n homogene groep mense, die volgende soorte bedienings in hierdie terme moontlik is:

1. IRRELEVANT VIR BEHOEFTE EN BEGEERTE. Niemand stel belang nie en dit baat niemand niks. So 'n gemeenskap is 'n neurotiese vervuller en lidmaatskap daarvan is selfvernietigend. Kultusse tel onder hierdie kategorie omdat dwang so 'n groot rol speel. Selfs die wat daar is wil nie werklik daar wees nie.
2. IRRELEVANT VIR BEHOEFTE EN RELEVANT VIR BEGEERTE. Dit is

dit wat mense wil hê, maar dis nie goed vir hulle nie. So 'n kerklike bediening is waar die kerk meegesleur raak deur populêre doelwitte tot die punt waar sy haar identiteit versaak en dus nie meer aan mense die evangelie kan bring wat die eintlike behoefte van mense aanspreek nie. Dit is die gevaar van alle vorme van kultuur-Christendom, staatskerke of volkskerke. Fundamentalisme tel ook hieronder. Tillich wys op hierdie verskynsel waar hy in sy *Systematic Theology* sê: “The fact that fundamentalist ideas are eagerly grasped in a period of personal and communal disintegration does not prove their theological validity, just as the success of a liberal theology in periods of personal or communal integration is no certification of its truth.” (Tillich 1951:4)

3. RELEVANT VIR BEHOEFTE MAAR IRRELEVANT VIR BEGEERTE. In hierdie geval beleef die lidmate van die kerk die progressiewe genesing van hulle lewens. Hulle groei in geloof, hoop en liefde en beleef ware medemenslikheid. Hulle kan egter nie na ander mense toe deurdring nie omdat ander hulle óf nie kan verstaan nie óf nie belangstel om van hierdie groep deel te word nie.
4. RELEVANT VIR BEHOEFTE EN BEGEERTE. Hier is die kerk in staat om die boodskap en lewe wat in sy lidmate se lewens genesing en vrug gebring het ook met ander te deel sodat die hulle deel word van die kerk as gemeenskap. Die kerk slaag daarin om verstaanbaar te wees en om 'n haalbare en volhoubare lewenstyl voor te hou en om mense daarin in te lyf. Die kerk slaag daarin om dit wat mense motiveer te gebruik om hulle aandag genoegsaam te verkry dat die ideale van die Christelike geloof vir hulle 'n selfstandige motivering word.

Dit is duidelik dat die kerk streef na die laasgenoemde scenario.

Ter wille van die eenvoud van die bespreking hierbo is daar meermale verwys na die kerk se kerugmatiese funksie. Die kerk verkondig. Die antwoord op verkondiging is geloof. Die kerk is egter 'n lewende gemeenskap. Dit is juis as gemeenskap wat die kerk vir mense se behoeftes relevant moet wees. Dit is omdat die medemens die medium van alle behoefte-vervulling is. Eintlik is dit verkeerd om te sê die kerk se boodskap moet relevant vir mense se behoeftes wees - die kerk moet relevant wees. Vanaf 9.2.1 op bladsy 309 het ons geredeneer dat die mens se eintlike grond en doel God is, dat die verhouding tot die medemens die medium is waarin alle behoeftes bevredig word en dat alles 'n stoffike basis het. Die kerk is dié medemenslike instelling

wat die verhouding met God as ons grond en doel bemiddel. Op die manier is die kerk eintlik self die konkrete vervuller.

10.2 Die betekenis van die term *holisties*.

Saam met die oproepe wat uitgaan dat die kerk relevant moet wees - wat soos ons gesien het, meer as een ding kan beteken - is daar oproepe om en aansprake van *holistiese* kerklike bediening. Dit is altyd moeilik om die presiese inhoud van populêre uitsprake te begryp, maar ek kom onder die indruk dat met *holisties* die gebruikers in die populêre omgang bedoel dat die kerk aan liggaam en siel moet aandag gee¹¹.

Afhangende van die onderliggende behoefte-antropologie het die term *holisties* verskillende betekenis. Waar 'n hiërargie van behoeftes aanvaar word, beteken holistiese bediening dat aan die volledige reeks van mense se behoeftes een na die ander aandag gegee word. Ek noem so 'n benadering nie holisties nie maar komprehensief. *Holisties* beteken dat die element wat die ander dele integreer voorrang kry. As die siel die vorm van die liggaam is, soos vele teoloë, sedert Aquinas se oorname van die konsep van Aristoteles leer, is 'n holistiese benadering gerig op die verandering van die siel. Ek probeer om terme soos *liggaam* en *siel* spaarsamig te gebruik. In terme van behoeftes dus: 'n holistiese benadering is op die integreerende behoeftes gerig.

Twee historiese voorbeelde kan die onderskeid tussen holisme en komprehensiwiteit toelig.

Die behoefte-antropologie agter die NG Kerk se antwoord aan die *Reformed Church in America* oor die NG Kerk se ondersteuning van apartheid wat W.A. Landman in sy hoedanigheid as scribe sinodi en direkteur van die informasie buro van die NG Kerk in die Kaapprovinsie in 1968 geskryf het is 'n goeie voorbeeld van die skadelike uitkoms van 'n implisiete behoefte hiërargie (Landman 1968). Die begeleidende brief wat die besluit van die *Reformed Church in America* aan die NG Sendingkerk vergesel het stel die *main concern* van die Amerikaanse kerk as "the policies within South Africa which deny basic rights and freedoms to the vast majority of people in that country." (Landman 1968:11) 'n Groot deel van Landman se retoriese strate-

¹¹Bosch (1991:410) verwys na die teenstelling tussen die evangeliese en ekumeniese bewegings in die internasionale kerk in die middel van die vorige eeu. Effens eenvoudig gestel was die evangelieses maar georiënteer op die redding van siele en die ekumenieses meer op die bewaring van liggame. Daardie teenstelling het intussen redelik opgelos.

gie is om die situasie van swart mense in Suid-Afrika te vergelyk met dié van mense elders in Afrika. Landman vergelyk toegang tot skole en hospitale asook ekonomiese lewenstandaard en vind dat dat swart mense in Suid-Afrika in hierdie terme beter af was as die meerderheid mense elders in Afrika (Landman 1968:23-26). Landman se feite is bes moontlik reg. Hy verduidelik later dat die kerk die staat gemaak het om 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling toe te pas as die enigste haalbare wyse waarop daar aan swart mense se eise om menseregte reg kan geskied. Afsonderlike ontwikkeling is volgens Landman *a accelerated evolutionary process* (1968:32) waardeur swart mense onder blanke beheer sal uitgroei. Die evolusionêre proses wat Landman voorsien hou in dat daar aan twee sake aandag gegee word: Die eerste is “pressing on as expeditiously as possible with advancement projects for the under-developed peoples...” en “Making progressive adaptations in the type of laws and practices mentioned in paragraph 10” (Landman 1968:33). Daardie *laws and practices* sluit instromingsbeheer, aparte openbare fasiliteite en beskermde arbeid in (Landman 1968:29). Landman veronderstel 'n hiërargie van behoeftes waar die hoër behoeftes, soos vryheid, aan die orde kom sodra mense 'n sekere lewenstandaard bereik het. Volgens hom het Suid-Afrika op daardie stadium nie sleg gevorder nie. Die Amerikaanse kerk was egter besorg oor mense se *basic rights and freedoms*.

Landman het wel die politieke onafhanklikheid en daarmee gepaardgaande persoonlike vryheid van swart mense in gedagte, maar eers aan die einde van die evolusionêre proses waarby lewenstandaard eers moet styg voor politieke vryheid gegun kan word. Vryheid is hoër op Landman se hiërargie en dus verder op die evolusionêre leer. Die boek van Landman is belangrik omdat dit 'n amptelike dokument van die kerk was. Die geloof in 'n hiërargie van behoeftes, wat die hele konsep van *blanke voogdyskap* en *afsonderlike ontwikkeling* onderlê, verkry in hierdie dokument amptelike steun van die kerk. Die gevolge hiervan word nou nog bekend.

In dieselfde tydperk was daar egter ook 'n ander tendens sigbaar. In die binnelandse sendingwerk van die NG Kerk het die kerk haar op alle soorte behoeftes gerig. Die kerk wou werklik aandag gee aan liggaam en siel en aan die ontwikkeling van 'n breër gemeenskap. Onderwys, mediese- en kerklike werk het dikwels hand aan hand gegaan¹². Die kerklike evangelisasie-werk

¹²Crafford praat van die *omvattende benadering*. Na 'n oorsig oor die mediese werk van die NG Kerk stel Crafford dat dit blyk dat “. . . die NGK in sy sendingaksie ruim aandag gegee het aan die versorging van hulpbehoewendes. Die sendingbenadering van die NGK was deurgaans 'n omvattende benadering wat aandag gegee het aan die geestelike maar

wat moes lei tot die stigting van gemeentes was in alle gevalle die belangrikste (Gerdener 1958:269-270). In die sin was die sendingwerk van die NG Kerk holisties. Die sendingwerk van die NG Kerk wou mense roep tot 'n nuwe identiteit as deel van die liggaam van Christus. Hierdie nuwe identiteit as deel van 'n nuwe gemeenskap is die basis vir 'n nuwe en heilsame lewenstyl.

Dit wil dus voorkom dat daar tydens die tweede deel van die vorige eeu in die NG Kerk twee behoefte-beskouings en dus twee benaderings parallel geloop het. Die kerk se denke oor die samelewing volg 'n evolusionêre benadering wat op 'n implisiete hiërargie van behoeftes gebaseer is. Die praktyk van sendingwerk binne Suid-Afrika het die totale mens probeer bereik deur, bekering tot die Christelike geloof, dus 'n verandering in identiteit, teweeg te bring. Die behoefte aan identiteit is die behoefte om een geïntegreerde persoon te wees. 'n Strewe na 'n nuwe identiteit as basis vir 'n heilsame lewenstyl is wat ek 'n holistiese benadering noem. Die NG Kerk het dus komprehensief oor die samelewing, maar redelik holisties oor die mens gedink. Ek gebruik die term *redelik holisties* omdat die implikasies van die holistiese benadering nie tot die dimensies van die breë politiek deurgevoer is nie.

10.3 Twee gevallestudies

Met die bespreking oor die betekenis *relevant* en *holisties* het dit duidelik geblyk watter verskil 'n bepaalde behoefte-antropologie aan die kerk se bediening kan maak - ten spyte van die retoriek wat dit verhul. Hier onder bied ek twee gevallestudies aan van onderskeidelik evangelisasiewerk en barmhartigheidswerk wat na my mening tot 'n mate daarin slaag om mense se behoeftes holisties en relevant aan te spreek.

10.3.1 Diens-evangelisasie (Service Evangelism)

Diens-evangelisasie die naam vir 'n metode wat deur Richard Stoll Armstrong, n Presbiteriaanse predikant uit Noord Amerika ontwikkel is maar wat ook deur gemeentes van die N G Kerk gebruik word. Die basis van hierdie metode van evangelisasie is dat daar by die persoon aan wie die evangelie gebring word se behoeftes aangesluit word. Die lewensbehoefte van die persoon aan wie die evangelie oorgedra word, lei en bepaal die gesprek. Vir Armstrong handel getuienis nie daarvoor dat die evangelis sekere stellings nie

ook aan die tydelike en liggaamlike behoeftes". (Crafford 1982:584)

as waar moet bewys nie, maar oor die oorvertel van hoe God in ons behoeftes voorsien.

...the task of the evangelist is not to try to prove the existence of God in propositional terms, but rather to **share one's experience of satisfied needs**. One can speak with authority about one's own experience, and one can do so in a way that is appealing, if not compelling. (Armstrong 1979:37, my klem)

Omdat behoeftes en evangelie vir Armstrong so naby aan mekaar lê, is dit ook nie verbasend dat hy evangelisasie en sosiale aksie baie naby aan mekaar plaas nie. Dit is volgens Armstrong moontlik om besig te wees met sosiale aksie sonder om besig te wees met evangelisasie, maar dit is nooit moontlik om besig te wees met diens-evangelisasie sonder om ook besig te wees met sosiale aksie nie. Armstrong verduidelik dat hoewel geloof persoonlik is, dit nooit privaat is nie. Om daardie rede is die kerk betrokke by openbare kwessies. Armstrong lê klem daarop om mense af te rig om hulle eie ervarings van God met ander te deel. Besoekwerk is die kern van Armstrong se uitreik-tegniek. Diensevangelisasie is anders as ander besoek-evangelisasie metodes omdat dit 'n behoefte-gerigte benadering van besoek-evangelisasie volg. 'n Span van die plaaslike gemeente gaan uit en besoek mense in die omgewing. Die uiteindelijke doel van die gesprek is om geloof te deel, maar die onmiddellike doel is om verhouding te bou. Armstrong wy 'n redelike gedeelte van sy boek aan die verduideliking van die besoekwerk en van geloofdeling. Hy wy nie so duidelik uit oor die aard van kerklike hulp en sosiale aksie nie. Volgens Armstrong is dit die taak van die evangelis om by elke persoon te bepaal wat sy/haar behoefte is en dan gepas daarop te reageer. Die evangelisasie-metode en die diakonale metode is dus meer gerig op die enkeling as op die gemeenskap as geheel.

Dit is wel opsigtelik dat die konsep van behoeftes 'n bepalende rol in Armstrong se model speel. Aansluiting by behoeftes is vir hom retories, maar ook prinsipiële. Dit is retories in die sin dat die belangstelling in 'n persoon se gevoelde behoeftes die basis skep waarvan daar 'n verhouding ontwikkel kan word waarin 'n persoon sy geloof met iemand anders kan deel. Behoeftes is ook belangrik omdat Armstrong van mening is dat die evangelie altyd na iemand kom waar sy in 'n spesifieke situasie is. Mense is behoeftig en die kerk het 'n taak om hulle te hulp te kom. Armstrong gebruik behoeftes dan ook op 'n ander manier. Die ervaring van hoe God in die gelowige se

behoefte voorsien is die inhoud van die geloofsdeling. God as die voorsiener van behoeftes, soos bewys in die lewe van die getuie, is wat die behoefte persoon nodig het. Ten diepste glo Armstrong dat mense God nodig het en dat die evangelie God se antwoord vir mense is. Om daardie rede moet evangelisasie gerig wees op behoeftes.

10.3.2 Transformasionele ontwikkeling (*Transformational Development*)

Transformational development is die term wat Bryant Myers van World Vision gebruik om na die ontwikkelingswerk van World Vision te verwys. Hy stel dit alternatief vir die meer tradisionele benadering tot ontwikkeling. Transformasionele ontwikkeling gaan oor die hele mens:

I use the term transformational development to reflect my concern for seeking positive change in the whole of human life materially, socially, and spiritually. True human development involves choices, setting aside what is not for life in us and our community while actively seeking and supporting all that is for life. (Myers 1999:3)

Myers bring *Transformational development* in verband met Christelike getuie (Christian Witness). Hy sê dat Christene die evangelie met lewe, woord en daad verkondig. Met lewe bedoel hy dat mense Christene se lewens soos die 67ste boek van die Bybel lees. Dit is hoe ander mense weet wat 'n Christen is. Met *woord* verwys hy na die nood dat Christene moet sê wat die storie van die evangelie is en mense moet uitnooi om dit hulle storie te maak. Met *daad* verwys hy na die feit dat die Christelike geloof 'n aktiewe geloof is wat aktief in die wêreld besig is om nood te verlig en lewe te bevorder.

Omdat *Transformational development* oor veranderde mense gaan, is die begrippe identiteit en roeping vir Myers van sentrale belang. Hy sluit aan by Christian deur te sê dat armoede die identiteit van die arme ondermyn. "Healing the marred identity of the poor is the beginning of transformation" (Myers 1999:115).

Die manier waarop die arme se geskonde identiteit herstel word, is deur die verkondiging dat die arme die beeld van God is. Wat Myers byvoeg by die gedagte van identiteit, is die konsep van roeping. Hy bring dit in

verband met die konsep van waardigheid. Waar identiteit handel oor die vraag 'wie is ek?', handel waardigheid oor die vraag 'het ek enige waarde?'. Die bevrydende waarheid oor hierdie vraag is dat elke mens so waardevol vir God is, dat sy Seun vir hom/haar gesterf het en dat God gawes gee en 'n wil vir elkeen se lewe het (roeping). Daar is egter 'n verskil tussen die rykes en die armes:

The poor suffer from marred identity and degraded vocation. The non-poor, on the other hand, suffer from god-complexes and inflated vocation. The challenge to the poor is to recover their identity as children of God and to discover their vocation as productive stewards, discovering that they have been given gifts to contribute to social well-being. The challenge for the non-poor, including the development agency, is to relinquish their god-complexes and employ their gifts for the sake of all human beings rather than using their gifts as a source of power and control. (Myers 1999:116)

Volgens Myers is die hefboom vir *Transformational development* nie die oordrag van hulpbronne of die bou van kapasiteit of die vermeerdering van keuses nie (hoewel al die dinge belangrik is). Al dié dinge kan net help as die armes hulle ware identiteit en roeping ontdek het. Met die klem op identiteit en roeping as dieptedimensies van die armoede-probleem, bied Myers se analise verklarings vir die verskynsels wat passiwiteit en belangloosheid wat so dikwels in arm gemeenskappe voorkom.

Volgens Myers gaan die proses van herstel van identiteit en roeping deur drie fases: Die armes moet besef dat hulle ware identiteit en roeping en hulle waardigheid in God se verlossende wil vir hulle te vinde is. Die volgende stap is die bou van karakter en waardes wat mense in staat sal stel om 'n ander toekoms te bou. Die laaste stap is om mense te bemagtig om hulle eie situasie te analiseer en te besluit watter aksie om te neem.

Transformational development handel oor veranderde mense, maar dit handel ook oor veranderde verhoudings. Myers onderskei ook vyf verhoudings waarin die herstel moet plaasvind: Die verhouding met God, met jouself, met jou eie gemeenskap, met die 'ander' en die verhouding met die omgewing

Die proses van verandering word in redelike besonderhede beskryf waarop ons nie hier kan ingaan nie. Dit begin egter by die erkenning van die rol van God. Menslike keuses en bese strukture (wat hy noem die web van leuens) egter speel ook 'n rol. Die proses van verandering is verhoudings-gebaseer en

gerig op die verwydering van oorsake van armoede en magteloosheid. Hierin speel die kerk as dienaar, as vormer van mense en as draer van die storie van God 'n onvervangbare rol.

Myers beklemtoon die belang dat die Christen ontwikkelingswerker holisties moet dink. Die kern van holistiese denke is om die hele evangelie te glo en te verkondig. Vir Myers is die evangelie die ondeelbare mengsel van lewe, daad, woord en teken. Dit maak nie soseer saak watter een van die aspekte van die evangelie (lewe, woord, daad, teken) eerste aan die beurt kom nie, solank almal mettertyd duidelik word. Die aspek van die evangelie wat die mees relevant is vir die onmiddellike behoefte van die ontvangers moet eerste aan die beurt kom. Holistiese denke beteken ook dat ons holisties na mense moet kyk. Vir Myers beteken dit dat al die verskillende verhoudings waarin 'n mens staan (self, God, ander, gemeenskap, omgewing) in gedagte gehou moet word. Holistiese denke is vir Myers ook holistiese denke oor tyd. Die hele geskiedenis van skepping tot voleinding behoort aan God. Dit is die tyd waarbinne ons in die wêreld optree. Myers sê dat geen projek werklik holisties kan wees deur aan alle aspekte aandag te gee nie. Vir hom is die beste wat gedoen kan word om 'n negatiewe kriterium aan te lê.

If there is no work directed at spiritual or value change; no work involving the church; no mention of meaning, discovery, identity and vocation, then one should be concerned that the program is not holistic. (Myers 1999:135)

Dit is duidelik dat die werk wat gebaseer is op die gedagtes wat Myers hier uiteensit werklik holisties en relevant is. Ook by Myers kom die mengsel van retoriese en prinsipiële relevansie voor. So byvoorbeeld bepaal die situasie van die ontvanger op watter manier die evangelie aangebied word en op watter manier daar konkreet gehelp word. Dit inhoud van die evangelie en die geloof dat alle mense God nodig het, is egter ononderhandelbaar.

Wat ook besonder opval van Myers is hoe ver hy wegbeweeg van 'n patroon van dink en handel wat gebaseer is op 'n hiërargie van behoeftes. Juis die begrippe *identiteit* en *roeping* is by hom sleutel terme. God is die bron en doel van albei. Vanuit herstelde identiteit en roeping, vloei herstelde verhoudings en daaruit kom herstelde omstandighede voort. Selfs by afwesigheid van onmiddellike sukses met laasgenoemde twee, is die persoon herstel en op weg na volkome genesing by God. Holisties beteken om te fokus op dit wat alles integreer. By die menslike persoon is dit juis die gedagte aan identiteit. Binne die geheel is dit God wat aan die tyd en alles wat bestaan hulle

betekenis toeken. Myers se werkswyse begin by die simboliese en eindig by die stoflike - presies die teenoorgestelde as menige pogings om armoede te bekamp.

Myers se model het groot ooreenkomste met die gevolgtrekking waarby daar in hierdie studie gekom het: God is die grond en doel van ons behoeftes, die medemens is die medium en die aarde is die basis daarvan.

Besluit in die negatief: Leemtes van hierdie studie en voorstelle vir verder navorsing

My positiewe gevolgtrekkings het ek reeds by hoofstuk 9 op bladsy 306 bespreek. Die betekenis van daardie gevolgtrekkings as voorveronderstellinge vir die kerklike praktyk is kortliks vanaf hoofstuk 10 op bladsy 334 uitgewerk. Al wat oorbly is om die leser te herinner dat hierdie gevolgtrekkings in die konteks staan van die leemtes in hierdie studie en dat verdere navorsing oor hierdie tema broodnodig is. Hierdie hoofstuk toon in die eerste plek die beperkings van hierdie studie aan en gee daarna voorstelle vir verder navorsing.

Hoofstuk 11

Leemtes in hierdie studie

Hierdie studie is 'n poging om 'n onderontwikkelde tema in die sistematiese teologie te ontwikkel. Om dit te kon doen is 'n sekere metode gebruik wat weens die omvang van die tema en die afwesigheid van 'n gevestigde tradisie van die hantering daarvan, die stof wat onder bespreking gekom het besonder oorsigtelik behandel het. Daar is twee metodes gebruik en op mekaar toegepas. Die eerste was die proses om dit wat implisiet in sekere teologiese formulerings lê, eksplisiet te maak. Die behandeling van die *loci* en die twee werke van Pannenberg en Barth, in deel 1, maar ook hoofstuk agt is gebaseer op hierdie metode. Met wat hier aangebied is, hoop ek om die leser te oortuig dat so 'n oefening wel moontlik en sinvol is.

Die tweede metode is die analise van eksplisiete teorieë oor behoeftes. Die teoloog in Suid-Afrika wat wel 'n eksplisiete analise van menslike behoeftes gemaak het, was Klaus Nürnberger. Sy bydrae is in die eerste hoofstuk bespreek. Hoofstuk sewe het 'n aantal eksplisiete teorieë van sekulêre denkers behandel. By die eksplisiete teorieë is veral gekyk na die konsekwentheid van die aanbieding, die navorsing waarop dit gebaseer is en die ideologiese vertrekpunte wat daarin verskans is. Ek het hopelik oortuigend aangetoon dat 'n beskouing van 'n hiërargie van behoeftes en die gedagte aan oneindige behoeftes nie houdbaar is nie - nie eers in terme van die dissiplines waarbinne sulke stellings voorkom nie.

Albei hierdie benaderings is met geselekteerde stof en selfs dan met 'n mate van oorsigtelikheid gedoen. In wat hier volg wil ek die leemtes in hierdie studie uitwys en terreine identifiseer waar nog navorsing nodig is. Ek noem die belangrikste leemtes:

1. GEEN BYBELS-TEOLOGIESE NAVORSING NIE. Die leser sou opmerk dat eksegeese en analise van Bybels-teologiese aard bykans geheel in hierdie studie ontbreek. Dit is 'n ernstige leemte maar weens die omvang van die werk is daar gekies om dit tematies en metodologies te vermy. Vir 'n werklik volwasse teologie van behoeftes kan dit nie deug nie. Ek identifiseer by 11.1 op die bladsy langsaan 'n aantal temas wat binne die Bybelse teologie ondersoek behoort te word.
2. BELANGRIKE TEORETICI ONTBREEK. Veels te min aandag is gegee aan belangrike denkers soos David McClelland, Clayton Alderfer, die eksistensiële en fenomenologiese sielkunde asook aan spesifiek ekonomiese behoefte-teorieë soos dié van Ian Gough. Ek het hier gekies vir denkers wat 'n groot populêre aanhang het en wat 'n duidelike ideologiese vooroordeel verskuil.
3. SPESIFIEKE BEHANDELING VAN DIE ETIEK ONTBREEK. Geen aandag aan die etiek as bron en toepassingsveld van behoefte-teorie nie. Duidelik is daar sterk raakpunte. Ek maak enkele voorstelle in die verband by 11.2 op bladsy 352.
4. AFWESIGHEID VAN 'N PERSPEKTIEF VANUIT DIE MEDIESE WETenskap. Die fisiologiese basis van die mens se behoeftes is aangeraak maar glad nie sistematies ondersoek nie. Die mediese veld is moeilik toeganklik vir nie-vakkundiges. Inter-dissiplinêre gesprek is nodig.
5. BEPERKTE SISTEMATIES-TEOLOGIESE GESPREKSGENOTE. In geen stadium is die volledige werk van een teoloog of selfs een volledige dogmatiek in sy geheel geanaliseer vir die behoefteleer wat daarin vervat is nie. Ook die werke oor die teologiese antropologie was maar een werk elk van Barth en Pannenberg. Albei het self baie meer oor die onderwerp geskryf. In hierdie studie is wel aangetoon dat dit moontlik is om so taak te onderneem.
6. GEEN ANALISE VAN DIE FUNKSIONERING VAN BEHOEFTE-BEVREDIGING BINNE 'N GROTER KONTEKS. Die mens se lewe speel af binne sosiale verbande soos die gesin in die klein of die staat in die breë. Hierdie samelewingsverbande kom juis tot stand as bevredigers vir sekere behoeftes maar het hulle eie spesiale funksionele vereistes. Daar is in hierdie studie nie gepoog om 'n analise van samelewingsverbande te

maak nie. Tog is die vraag of hierdie verbande ook basies is en of hulle bloot funksionele betekenis het. Die debat oor die teologiese wesenlikheid van die volksverband is byvoorbeeld in Suid-Afrika van besondere belang, veral in die lig van 'n geskiedenis wat dokumente soos *Ras, Volk en Nasie* opgelewer het. Dieselfde punt geld natuurlik ook vir die ekologie. Die vraag na die behoeftes van die ekosisteem en die behoeftes van die mens word 'n al hoe meer wesenlike vraag. In albei gevalle is ek van mening dat 'n mens die term *behoefte* moet reserveer as antropologiese term en eerder van die *voorwaardes* vir funksionering van ander stelsels, soos die ekologie en die samelewing praat.

Ek gee in die volgende paragraaf voorstelle vir verdere navorsing wat nodig is om 'n betekenisvolle teologiese behoefteleer te vestig. Ek deel dit volgens die belangrikste teologiese werkswyses in: eksegetiese vakke, sistematiese vakke en prakties/empiriese vakke.

11.1 Verdere navorsing in die Bybelwetenskap

Ek gee hier onder drie temas vir verdere ondersoek in die Bybelwetenskap.

BEPAAAL DIE BETEKENIS VAN BEHOEFTE IN DIE BYBELSE TEOLOGIE. Hier kan gekyk word na watter behoeftes die mens volgens die Bybel het, en hoe hulle binne die Bybelse teologie met mekaar in verband staan. Die eerste stap is die uitwerk van kriteria waarvolgens 'n katalogus van Bybelse terme en begrippe wat verbandhou met behoeftes daargestel kan word. Die gegewens kan dan georden word.

ONDERSOEK BEHOEFTE EN MOTIVERING IN DIE LEWE VAN JESUS. Jesus se lewe en leer is vir die Christelike geloof fundamenteel belangrik. Hier moet ondersoek word hoe behoefte en motivering in die lewe van Jesus gefunksioneer het.

ONDERSOEK DIE VOORKOMS VAN McCLELLAND SE MOTIVEERDERS IN DIE BYBEL. McClelland het 'n metode vir die analise van motiverende waardes ontwerp en op kinderleesstof toegepas¹. Dieselfde metode kan op Bybelse tekste toegepas word om te bepaal wat die motiverende waardes in die Bybel is. Daar kan ook bepaal word op watter manier die motiverings

¹Hy vind *prestasie, affiliasie en mag* by die Westerse kultuur. Sien bespreking op bladsy 266.

na *prestasie, affiliasie en mag* funksioneer, watter beperkings daaraan gestel word en watter positiewe ideale in hierdie terme uitgedruk word. Omdat McClelland reeds 'n uitgewerkte metode het waarmee baie data uit ons eie samelewing ingesamel is, kan dit 'n brug vorm tussen die wêreld van die Bybel en dié van ons dag. Daardie brug lê dan spesifiek op die vlak van die subjektiewe belewenis, wat 'n groot winspunt is.

11.2 Verdere navorsing in die sistematiese teologie en etiek

Verdere werk in die sistematiese teologie kan die volgende insluit:

HET GOD BEHOEFTE? Die mees fundamentele vraag wat 'n mens kan vra oor die tema van behoeftes is of God behoeftes het. Verskillende antwoorde op hierdie vraag word gesuggereer deur verskillende beelde van God. Die godsbeeld van die deïsme verskil in die verband radikaal van dié wat van Moltmann se werk oor die kruis van Jesus (Moltmann 1974:200 en verder). 'n Mens sou hier kon uitwys hoe belangrik die antwoord op hierdie vraag vir die hele struktuur van iemand se teologie is.

ONTGIN 'N VOLLEDIGE SISTEMATIES-TEOLOGIESE WERK. Op dieselfde manier as wat ek my eie idiëeltipiese belydenis ontgin het, kan die werk 'n spesifieke teoloog ook ontgin word vir sy implisiete beskouing van wat mense nodig het. Dieselfde kan natuurlik ook met ander seleksies gedoen word. Is daar byvoorbeeld 'n spesifieke Gereformeerde behoefteleer wat van 'n Roomse, Ortodokse of Pinkster benadering tot dieselfde tema verskil? Het spesifieke tydvakke elkeen 'n eie behoefteleer? Wat is die behoefte-beskouing van die Heidelbergse Kategismus of die Dordse Leerreëls? Verskil dit van dié van die belydenis van Belhar?

DIE DIEPTEDIMENSIES VAN IMMANENTE BEHOEFTE. Nürnberger sê die transendente behoefte is die diepte-dimensie van die immanente behoefte. 'n Model soos die van Max-Neef, of enige ander goed uitgewerkte taksonomie, kan gebruik word om hierdie stelling sistematies uit te werk. So kan gevra word na 'n metodiek waarvolgens die diepte-dimensie van elke behoefte bepaal kan word. Daarna kan hulle elkeen afsonderlik aan die orde gestel word.

IS MAG 'N AFSONDERLIKE BEHOEFTE? Hierdie studie het nie aandag gegee aan die tema van mag nie. Daar bestaan egter 'n belangrike teologies-antropologiese vraag of daar 'n afsonderlike menslike behoefte aan mag is.

MASLOW SE B-VALUES EN DIE EIENSKAPPE VAN GOD. Die *B-values* wat Maslow identifiseer, lyk by die eerste oogopslag nogal na die positiewe eienskappe van God (waarheid, goedheid ens.). Die vraag ontstaan na wat die betekenis daarvan is. Kan mens 'n godsbewys uit Maslow se *B-values* formuleer? God is dit wat ons onvoorwaardelik aangaan, wat ons uiteindelik nodig het, ons bestemming. Dit sou inhou dat die hoogste menslike instinkmatige metamotiveerders ook die eienskappe van God is. Is die ooreenkomste tussen Maslow se *B-values* en die eienskappe van God toevallig of beteken dit die psigologie het ontdek wat die geloof altyd weet: dat die mens die beeld van God is? Ek vermoed die antwoord is weer eens onbeslis: As God nie bestaan nie, projekteer die mens sy hoogste motivering op God, vandaar die ooreenkoms tussen die eienskappe van God en die metamotiverings van die mens. As God wel bestaan is dit denkbaar dat Hy sy eienskappe op ons projekteer, dan is die ooreenkoms 'n aanduiding van die mens as die beeld van God. Die betekenis van hierdie vraag berus dus op die vraag na God, maar kan self nie uitsluitel oor daardie vraag gee nie. Die Christen sal geneig wees om die tweede verklaring te aanvaar juis omdat sy in God glo. Dit is egter nie onmoontlik dat 'n hibried van hierdie twee moontlikhede bestaan nie. Volledige sistematies-teologiese ondersoek sal hierdie saak verder kan belig.

Daar is ook temas in die etiek wat verder nagevors kan word:

'N EVALUERING VAN DEONTOLOGIESE CHRISTELIKE ETIEKE VOLGENS DIE KRITERIA VAN BEHOEFTEVERVULLING. Reëls is vervullers². Die presiese behoeftes wat deur die morele reëls van 'n sekere Christelike gemeenskap vervul en geïnhibeer word, moet hier ondersoek word.

DIE BEHOEFTEBESKOUINGS ONDERLIGGEND AAN VERSKILLENDE SOORTE ETIEK. Utilitarisme het byvoorbeeld 'n heel ander beskouing van behoeftes ten grondslag as 'n etiek van deug. Wat presies daardie beskouing van behoeftes is en op watter wyse dit die benadering tot moraal bepaal moet ontleed word.

DIE CHRISTELIKE DEUGDE AS VERVULLERS. As die onderskeid tussen behoeftes en vervullers gehandhaaf word, is waardes - as *modus van wees* - 'n vervuller. Presies hoe die Christelike deugde in hierdie terme funksioneer en op watter behoeftes hulle afgestem is, kan met behulp van die konsepsuele werk van Max-Neef asook dié van Murray en Pauw gedoen word.

²Volgens Max-Neef se kategorisering is 'n reël 'n wyse van *het*.

DIE MORALITEIT AS FUNKSIONELE VOORWAARDE VIR DIE FUNKSIONERING VAN SOSIALE INSTELLINGS. Soms is moraliteit nie op sigself 'n vervuller van behoeftes nie, maar beskerm dit ander instellings wat wel direk met sekere behoeftes in verband staan. Dit kan positief of negatief wees, afhangende van die behoeftes wat deur sodanige sosiale instelling vervul of geïnhibeer word. 'n Analise van die funksionele verhouding tussen moraal en sekere sosiale instellings, en daardie instellings se werking in terme van menslike behoeftes, kan nuwe insigte in hierdie problematiek bring.

DIE ETIEK VAN MENSLIKE BEHOEFTE EN MORALITEIT AS VERVULLER. Die vervulling van menslike behoeftes bring sy eie etiese vrae mee. Vrae kom na vore, soos: Wie is verantwoordelik om 'n mens se behoeftes te bevredig? Watter middele kwalifiseer as vervullers vir sekere behoeftes? Hoe verander behoeftigheid iemand se etiese aanspraak en verantwoordelikheid? Aan die ander kant is die moraliteit self 'n vervuller van behoeftes: Dit bind mense saam, beskerm mense, dit gee identiteit, dit fokus op vryheid, dit fasiliteer begrip, dit verseker die beskikbaarheid van noodsaaklike middele. Die presiese wyse waarop morele waardes as vervullers funksioneer en wat die voorwaardes daarvoor is, kan ondersoek word.

DIE VERBAND TUSSEN MENSEREGTE EN MENSLIKE BEHOEFTE. Die verhouding tussen menseregte en menslike behoeftes is nie so eenvoudig om te verwoord nie. Die verhouding van die enkeling tot die breë gemeenskap is hier ter sprake. 'n Beskouing dat behoefte hiërargies opgebou is maak hierdie vraag makliker omdat 'n mens dan die een of ander vlak as afsnypunt kan gebruik. As behoeftes nie 'n hiërargie vorm nie, is die vraag aansienlik moeiliker.

Die apologetiese taak van die sistematiese teologie beteken dat daar ook krities na die kontemporêre wêreld gekyk moet word. Hier ontstaan vraagstukke wat in die huidige samelewing akuut is:

BEGEERTESKEPPING EN BEHOEFTEBEVREDIGING: 'n Christelike analise van die prosesse van begeerteskepping in die samelewing moet onderneem word. Die vraag na die verband tussen dit wat die mens van ons dag begeer, die begeertes wat die kultuur-industrie by haar wil aanwakker en die bevrediging van fundamentele behoeftes moet ontleed word. Die behoefte-antropologie van advertensies en die bemarkingsbedryf kan hier vergelyk word met dié van die Christelike geloof. Nürnberger se waarneming dat die begeerteskepping na die armes toe oorspoel en hulle dan, ten minste subjektief, nog armer maak deur hulpbronne op te neem, moet hier empiries en

prinsipiëel ondersoek word. Die spesifieke meganismes van begeerte-skepping en die afsonderlike uitwerking van elkeen moet beskryf word. Teenoor hierdie analise moet die teologie in die breë 'n bydrae maak tot die ontwikkeling van 'n haalbare en 'n gesonde Christelike lewenstyl.

BEHOEFTE EN SAMELEWINGSVERBANDE. Die vraag ontstaan of die sosiale verbande waarin die mens hom bevind hulle eie diskrete behoeftes het. As dit die geval is, moet die verhouding tussen die behoeftes van die samelewingsverbande en dié van die enkeling ondersoek word.

KULTUURSPESIFIEKE BESKOUINGE VAN BEHOEFTE EN DIE INVLOED OP TEOLOGIESE MODELLE. 'n Mens kan aanvaar dat daar verskille tussen kulture bestaan oor hoe behoeftes en vervullers verstaan word. Sover my kennis strek is daar nog geen navorsing gedoen oor die invloed wat sulke verskille op teologiese modelle het nie.

GESPREK MET BOEDDHISME OOR BEHOEFTE. Die Boeddhisme beskou behoeftes, beide as tekort en motivering, as die bron van alle pyn. Die Christelike gesprek met die Boeddhisme moet ook rondom hierdie kernaspek van die Budhisme gevoer word. Waar die Christelike ideaal die aktualisering van behoeftes binne die skepping in 'n verhouding tot God is, is juis die tot-niet-gaan van die subjek die Budhistiese strew.

11.3 Verdere missiologiese / prakties-teologiese ontwikkeling

Waar dit gaan oor die empiriese studie van die kerklike praktyk kan die volgende aan die orde kom.

DIE EMPIRIESE BEHOEFTE-ANTROPOLOGIEË IN DIE SUID-AFRIKAANSE KERK. Hier gaan dit oor die empiriese studie van implisiete behoefte-antropologieë in die Suid-Afrikaanse konteks. 'n Mens sou 'n kerklike praktyk soos 'n erediens op 'n Sondag kon ontgin vir die implisiete en eksplisiete behoefteleer wat daarin ingebed is. Die metode van deel 1 van hierdie studie kan hier as riglyn dien. Hier sou 'n analise soos dié wat Montagu Murray in sy *Sondaar en bedelaar* (Murray 2003) gemaak het 'n handige riglyn kon wees. Op watter manier word die verlorenheid van die mens byvoorbeeld in die erediens aan die orde gestel: soos dié van die tollenaar of soos dié van Lasarus?

VALIDEER PAUW EN MURRAY SE INSTRUMENTE VIR DIE ANALISE VAN LEWENSKWALITEIT. Deur middel van statistiese tegnieke soos itemanalise kan Pauw en Murray se analitiese instrument vir die meting van lewenskwaliteit (QOLA) verder verfyn en gevalideer word. Dit vereis besonder baie data en is dus duur. Die voordeel van so 'n geverifieerde instrument sal wees dat dit 'n gestandariseerde eerste-orde analise van 'n sekere huishouding kan gee. So 'n analise kan waardevol wees waar kerklike barmhartigheidswerk gedoen word, veral waar hulpbronne skaars is. Meer doelgerigte werk kan beplan word en die impak van intervensie kan gemeet word.

ONDERSOEK DIE VERSKILLE EN OOREENKOMSTE TUSSEN DIE BELEWENIS VAN LEWENSKWALITEIT IN ARM EN RYK GEMEENSTES. Die QOLA-instrument kan hier handig wees omdat dit 'n gestandariseerde stel vrae het wat op alle huishoudings van toepassing is. Die verskillende profiele kan gemeentes help om hul spesifieke situasies akkuraat te oordink en om in die prediking en opleiding van die gemeente spesifieke probleme aan te spreek.

LEWENSKWALITEIT EN KERKLIKE BEDIENING AAN DIE JEUG. Analise van die kerklike jeugbediening in terme van fundamentele behoeftes van die jeug binne hulle konteks. Ek het al vir 'n aantal jare die vermoede dat die kerklike jeugbediening, in elk geval die waarby ek al betrokke was, adolese-rend op die jeug inwerk. Die poging van die kerk om relevant tot die jeug se situasie te wees, is 'n retoriese relevansie en nie 'n antropologiese relevansie

11.3. *VERDERE MISSIOLOGIESE / PRAKTIES-TEOLOGIESE ONTWIKKELING*357

nie. Die kerklike jeugwerk bevestig die marginale posisie van veral die adolescent en verstewig dit eerder deur afsonderlike jeugdiense en aansluiting by die jeug-subkulture. Terselfdertyd word nie van jongmense verwag om verantwoordelikheid te aanvaar nie en bly die werking van die gemiddelde gemeente vir hulle 'n geslote boek.

DIE ROL VAN KERKLIKDMAATSKAP IN DIE BELEWING VAN LEWENSKWALITEIT. Hier kan die konkrete vervullers vir lewenskwaliteit wat aan die kerk verbind word, ondersoek word. Dit is belangrik om huidige gebruikspatrone vas te stel en die spesifieke werking en voorwaardes van die konkrete vervullers te bepaal. So 'n analise sal ook help om te bepaal waar mense die kerk as 'n negatiewe impak op lewenskwaliteit beleef. Beide positiewe en negatiewe impakte moet teologies beoordeel word (omdat begeerte nie behoeftes is nie). Die doel van die kerk is nie die tevredenheid van sy lidmate nie, maar die kerk glo ook in die aanduibare positiewe werking van die Heilige Gees in mense se lewe.